# Lesing 29.12.2017 - LIG OP DIE VERRE TOEKOMS—Deel 1

GROOT JOHANNES EVANGELIEBOEK 3.113.

[11] En so gaan dit ook altyd met alle geestelike gawes uit die hemele. Ook al is dit by die ontstaan hóé suiwer, dit word mettertyd deur die lae, wêreldse belange net so vertroebel soos alles wat Ek jou so-ewe genoem het.

[12] En so sal hierdie reine leer van My ook vergaan, daarvan sal geen jota onbekritiseer en onaangevreet bly nie!

[13] Die tempel wat Ek nou opbou, sal hulle presies so vernietig soos die Romeine die tempel te Jerusalem binne nie al te lang tyd nie sal vernietig, waarby geen klip op die ander sal bly nie!

[14] Maar My tempel sal Ek weer opbou, die kliptempel in Jerusalem egter nooit nie! Bekommer jy jou egter nie daaroor nie, want Ek is daarvan heeltemal op die hoogte en weet die redes waarom dit so moet gebeur!

[15] Want sien, die mens het maar weinig waardering vir die lig in die dag en die warmte in die somer, as egter die nag kom, word die lig waardevol en die warmte leer die mense eers waardeer in die koue winter .

[16] So gaan dit ook met die geestelike lig en met die geestelike warmte. Wie vry rondloop waardeer die vryheid skaars, maar as hy geboeid in die kerker wegkwyn, weet hy eers watter groot goed die vryheid is!

[17] En kyk, liefste Helena, daarom word toegelaat dat al die suiwere vertroebel word, sodat die mens eers in die grootste droefenis die waarde van die suiwer lig leer ken!

[18] As in die groot nag die reine lig weer te voorskyn kom, sal alles wat adem en leef hulle direk na die lig keer, soos in die winter van die menslike liefdeloosheid sig weldra alles om `n warm hart sal skaar soortgelyk aan die deur die winterse koue verkluimde, arme mense om die ontstoke vuur van `n ope vuurherd.

5.107.[3] Môre neem ons vir `n langer tyd afskeid en Ek sal oor byna `n jaar eers weer hierdie streek besoek en met My voete betree; maar omdat Ek hier so `n groot oorwinning behaal het en daarom `n blywende monument in die vorm van die badhuis en die nuwe hawe opgerig het, wat nooit maklik heeltemal verwoes sal word nie, behalwe in `n tyd wanneer die geloof in My sal verdwyn en daarmee die liefde, wil Ek dan ook nog iets doen. Dan egter, as geloof en liefde nie meer onder die mense sal bestaan nie, sal hordes barbare hierdie land inval en alle gedenktekens verwoes van hierdie groot tyd, wat hom sedert Moses tot by My oor hierdie lande uitgebrei het.

[4] Dit sou wel maklik verhoed kon geword het; maar tog sal dit nie verhoed word nie. Die badhuis en die hawe sal nog wel bestaan, en dit sal nie verwoes word in die tyd wanneer Jerusalem sal val nie; maar tog sal dit geen vyfhonderd jaar oud word nie. Want Ek sê vir julle, met Jerusalem sal dit begin; maar die mense sal hulle nie steur aan die waarskuwing wat teen Jerusalem sal uitgaan nie, en hulle sal verval in allerlei arglistigheid, wêreldgesindheid, boosheid, trotsheid, leuens, self- en heerssug, hoerery en egbreuk. Dan sal daar `n volk in die verre Ooste opstaan en hierdie lande oorspoel soos `n groot Egiptiese sprinkaanplaag en alles verwoes: Mense, vee en alle stede, plekkies, dorpe en afsonderlike woonhuise, en die volk sal dan die volke tot ver in Asië, Afrika en Europa onderwerp, totdat daar oor alle goddeloses `n groter en `n meer algemene oordeel sal kom!

[5] Maar almal wat aan My in hul geloof en hul liefde getrou sal bly, sal vir die oordeel gespaar word; want Ek sal Myself vir hulle met die swaard omgord en vir hulle te velde trek. En elke vyand sal moet wyk voor My swaard! Die swaard sal heet 'Immanuel' (God met ons), en die skerpte daarvan sal die Waarheid wees, en die aansienlike swaarte daarvan die Liefde van God, die Vader van Sy troue kinders. Wie wil stry, moet dit doen met die skerpte van die Waarheid uit God en met die Krag van die Liefde uit die Hart van die Vader van ewigheid! Met hierdie wapen toegerus, sal hy triomfeer oor elke vyand van My Naam, en derhalwe oor die vyand van die lewe en die waarheid!"